20 Desember 2019

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir die VSA, Brasilië en Argentinië

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Fokus op Afrika: Uganda

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Prys-risikobestuur
Lang koopopsie-strategie (“Long call option strategy”)

PLAASLIKE

WEER



Tien-dae weervooruitsig:

Die sentrale dele van die Vrystaat asook die ooste van die provinsie kan goeie reënval oor die volgende tien dae verwag.

Swaar neerslae kan moontlik tydens hierdie periode in dele van Mpumalanga voorkom.

Tien-dae weervooruitsig: Brasilië

Gunstige vooruitsigte vir die westelike dele van Brasilië sal aangeplante graan ondersteun. Minder reënval word egter vir die suide van die land voorspel, waar droogte vroeër in die plantseisoen reeds sy tol geëis het.



INTERNASIONALE

WEER

Tien-dae weervooruitsig: Argentinië

Droë toestande kom steeds in die suidelike en westelike gedeeltes van Argentinië voor. Opvolgreën is nou dringend nodig vir die aangeplante graan in dié gebiede. In die noorde is die situasie steeds normaal en goeie reënval kan verwag word.



RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Oos-Vrystaat

Dorp	Desember 2019 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Desember 2018/19	Desember 2017/18
Bethlehem	79	126	77	118
Frankfort	125	240	153	220
Harrismith	93	146	28	145
Heilbron	105	262	112	202
Kroonstad	64	119	38	138
Lindley	54	79	36	23
Marquard	62	93	44	47
Senekal	80	143	38	49
Theunissen	24	62	9	55
Ventersburg	63	123	24	105

Wes-Vrystaat

Dorp	Desember 2019 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Desember 2018/19	Desember 2017/18
Allanridge	30	80	34	73
Bloemfontein	43	61	25	30
Bothaville	48	96	35	25
Bultfontein	41	70	28	32
De Brug	35	47	20	27
Hoopstad	32	44	30	33
Losdoorns	41	80	27	58
Orkney	68	165	28	106
Viljoenskroon	65	144	19	66
Welkom	38	99	114	169
Wesselsbron	46	93	24	53

RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Mpumalanga

Dorp RMD	Desember2019 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Desember 2018/19	Desember 2017/18
Amersfoort	112	212	27	156
Balfour	83	146	60	149
Bethal	70	186	97	184
Carolina	74	134	78	135
Delmas	161	373	80	122
Ermelo	271	445	159	178
Greylingstad	179	307	77	137
Hendrina	259	459	224	234
Kriel	198	368	61	154
Leandra	138	307	143	83
Middelburg	265	413	83	138
Morgenzon	369	595	100	118
Standerton	173	295	80	140
Wonderfontein	129	289	121	260

Noordwes

Dorp RMD	Desember 2019 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Desember 2018/19	Desember 2017/18
Bloemhof	63	77	25	27
Delareyville	77	104	9	33
Derby	68	172	84	59
Klerksdorp	124	248	36	61
Lichtenburg	83	148	83	45
Ottosdal	35	57	50	58
Potchefstroom	173	242	58	75
Regina	71	129	28	107
Sannieshof	113	159	14	16
Schweizer-Reneke	30	91	32	56
Ventersdorp	106	220	104	138

RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	Jan-20	Mar-20	Jul-20	Sep-20
PMB-invoerpariteit	R3 072	R3 126	R3 108	R3 075
Kaap-invoerpariteit	R2 823	R2 873	R2 831	R2 790
SAFEX geelmielies	R2 656	R2 656	R2 543	R2 580
Uitvoerpariteit	R2 208	R2 241	R2 304	R2 294

INTERNASIONALE LANDBOU

LANDBOU

FOKUS: Uganda

Mielies:

- Die kommoditeit het die afgelope week sywaarts verhandel.
- Die oestempo word vertraag as gevolg van laat reëns en swaar neerslae.
- Nat toestande word vir die volgende sewe tot tien dae voorspel.
- Die mielievraag oorskry huidige markvoorraad as gevolg van die laat reënval.
- Die kwaliteit van die graan bly egter 'n bekommernis.
- Die Rwanda-grenspos is steeds gesluit weens politieke redes.

Sojabone:

- Pryse beweeg sywaarts.
- Die sluiting van die Rwandese grenspos het tot gevolg dat Kenya die enigste buitelandse mark vir uitvoere is.
- Beperkte markte plaas druk op pryse.
- Minimale beskikbare voorraad in die gebied dien egter as 'n ondersteuning vir die mark.

PLAASLIKE

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoer = 475 110 t
- Vorige week = 15 099 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 230 196 t
- Vorige week = 7 185t
- Invoer = 359 057t
- Vorige week = 0 t



WISSELKOERS

R/$

Die Suid-Afrikaanse geldeenheid vaar beter teenoor die Amerikaanse dollar. Die versterking van die rand teenoor die dollar kan toegeskryf word aan die verswakking in die Amerikaanse geldeenheid.

Die swakker dollar is hoofsaaklik die gevolg van die aanklag deur die Amerikaanse staat teen President Donald Trump. President Trump is slegs die derde Amerikaanse president in die geskiedenis wat deur die Huis van Verteenwoordigers aangekla word, met 'n verhoor in die Senaat wat sal besluit of hy in die amp bly..

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Laer insetkostes 'n hoogtepunt vir die jaar 2019

Die verlaging in die internasionale pryse van die meerderheid kunsmisgrondstowwe en die daling van die ruolieprys kan beskou word as een van die hoogtepunte vir Suid-Afrikaanse voedselprodusente in 2019.

Die prys van Brent-ruolie het in die tydperk van Oktober 2018 tot Oktober 2019 met 24,5% gedaal. Die skerp daling in die ruolieprys het daartoe gelei dat die internasionale insetpryse in die voedselindustrie ook afgeneem het.

Lees meer by:
https://sagrainmag.co.za/2019/12/06/ekonomiese-aanwysers-en-insetprystendense-van-belang-in-2019/

Mening:
Laer insetkostes sal produsente aanmoedig om hul produksie-areas te vergroot en sodoende uitsette vermeerder. Groter oeste beteken meer voorraad, wat pryse onder druk kan plaas.

Brandstofprysvooruitsigte

Goeie nuus vir petrolverbruikers is dat voorspellings aandui dat die kommoditeit in Januarie 2020 met tot 17 sent per liter kan daal. Die prys van diesel sal heel waarskynlik met 1 sent opwaarts aangepas word, terwyl die paraffienprys met 4 sent verlaag sal word.

Die effense versterking van die geldeenheid tydens die eerste helfte van Desember het bygedra tot die onlangse verlaging in brandstofpryse.

Die AA is van mening dat ons slegs beskeie brandstofprysstygings vroeg in 2020 kan verwag.

Lees meer by:
https://www.aa.co.za/insights/petrol-set-for-decrease-in-january

Mening:
'n Verlaging in die brandstofprys sal verbruikers aanmoedig om verbruik te verhoog, wat die ekonomie sal ondersteun.

Weervooruitsigte dui op 'n goeie jaar vir koringprodusente

Weerprofeet prof. Peet Pienaar se voorspelling dui op wisselvallige en goeie reënval tussen Januarie en Maart 2020, gepaardgaande met warm toestande. Volgens prof. Pienaar sal reënval slegs voorkom wanneer die minimum en maksimum temperature met net 10 °C verskil.

Hy maan koringboere om versigtig te wees tydens die droër maande, soos Julie en September. Die eerste ligte ryp kan in April verwag word, gevolg deur swaar ryp in Mei.

Om die volledige verslag en weervooruitsigte te lees, volg die skakel:
https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/hier-is-prof-peet-pienaar-se-weerverslag-vir-2020-20191217

Mening:
Indien goeie reënval wel tot en met Maart voortduur, kan produsente goeie oeste verwag, aangesien die neerslae tydens kritiese groeistadiums sal plaasvind. Goeie opbrengste sal pryse onder druk plaas.

OPSOMMING

- Goeie reënvalvooruitsigte vir die sentrale dele van die Vrystaat sal laat aanplanting stimuleer en kan pryse moontlik onder druk plaas.

- Suid-Afrikaanse geelmielies handel tans onder Kaap-invoerpariteit en nader aan die uitvoerpariteit. Dit is 'n goeie aanduiding dat die mark op sy laagste is en moontlik kan draai.

- ‘n Sterker wisselkoers plaas SAFEX-pryse onder druk. Dit lyk of die rand in die kort termyn verder kan versterk.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Wat is ‘n lang koopopsie (“call option”)?

Die koper van 'n koopopsie koop die reg om voor die vervaldatum ‘n lang koopopsie teen ‘n vasgestelde trefprys (“strike price”) uit te oefen. Om die opsie te koop, betaal die koper ‘n premie.

Wanneer is die beste tyd om ‘n lang koopopsie-strategie uit te oefen?

Die beste tyd om ‘n koopopsie uit te oefen, is wanneer die koper van ‘n koopopsie glo die graanprys het ‘n laagtepunt bereik, en verwag dat die markprys oor die lang termyn sal styg.
Die koper sal dus geld verdien indien die graanprys hoër as die vasgestelde trefprys verhandel.

Wat as die graanprys op vervaldag laer as die vasgestelde trefprys sluit?
Indien die graanprys egter laer as die trefprys is, verbeur die opsiekoper die premie waarteen die koopopsie aangekoop is.

Strategiekoste
Die koste van die koopopsie is afhanklik van die vlak waarteen die opsie aangekoop is.

Voorbeeld
Indien **koper A** sy graan teen ‘n trefprys van R2 600/t vasmaak en die koopopsie aankoop teen ’n premie van R237/t, en die graanprys styg tot R3 000/t, sal die koper geld maak deur die koopopsie uit te oefen.

Die koper maak dan ‘n wins van R400/t (R3 000-R2 600=R400/t) wanneer hy sy koopopsie uitoefen. Na aftrekking van die R237/t premie is die nettowins R 163/t (R400-R237= R 163/t).

Sou die trefpys laer wees as die koopopsie van R260/t, byvoorbeed R2 500/t, sal die lang koopopsie verval en die enigste koste vir die koper sal die koopopsiepremie van R237/t wees.

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI

KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga